

Slegs vir Dieregebruik

**LITTERGUARD LT-C**

Reg. No. G2378 Act 36/1947

Namibia: N-SR 0712

Zimbabwe: E2000/80.23.14/9950

**Indikasies**

LitterGuard LT-C is vir die inenting van gesonde, dragtige varke as 'n hulpmiddel in die passiewe maternale immunisering van hul varkies teen neonatale diaree veroorsaak deur (1) beta toksien geproduseer deur *Clostridium perfringens* Tipe C en enteropatogene stamme van *Escherichia coli* wat hitte-labiele toksien produseer sowel as die stamme wat oor die K88, K99, 987P of F41 aanhegtingsfaktore beskik. Die bakterien-toksoïed is 'n bereiding van chemies-geïnaktiveerde stamme van *E. coli* en *Clostridium perfringens* Tipe C beta toksoïed.

**LitterGuard LT-C** beskerm varke deur middle van maternal-oorgraagbare teenliggaampies teenwoordig in biesmelk en melk van ingeënte sôe. Die tydige inname van genoegsame hoeveelhede kolostrum deur pasgebore varkies is daarom belangrik vir beskerming.

**Farmakologiese werking**

**LitterGuard LT-C** is 'n vloeibare, multi-antigeen, bakterien-toksoïed vir die inenting van gesonde, dragtige jong en ouer sôe as 'n hulpmiddel in die passiewe maternale immunisering van hul varkies teen neonatale diaree veroorsaak deur stamme van *E. coli* en *Cl. perfringens* Tipe C.

**Bergings Aanwysings**

Bere tussen 2-7 °C. Moet nie bevries nie.

Beskerm teen hitte en direkte sonlig.

**Samestelling**

**LitterGuard LT-C** is 'n vloeibare, bakterien-toksoïed entstof wat enteropatogene stamme van *Escherichia coli* bevat. Dit sluit beide dié wat hitte-labiele toksien produseer sowel as die wat oor die K88, K99, 987P of F41 aanhegtingsfaktore beskik. Die entstof bevat ook *Clostridium perfringens* Tipe C.

**Waarskuwings**

Moet nie inent binne 21 dae van slagting nie.

Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.

Indien anafilakse of hipersensitiwiteit na gebruik voorkom, dien adrenalin of ekwivalent toe. Sonder sodanige behandeling mag erge reaksies lei tot die dood.

Hierdie entstof is doeltreffend bewys maar sommige varke mag nie in staat wees om 'n voldoende immuunreaksie te ontwikkel of te onderhou na inenting nie. Dit mag gebeur vervoer of swak omgewingstoestande.

Alhoewel hierdie entstof breedvoerig onder 'n wye verskeidenheid van toestande getoets word, mag dit faal a.g.v. verskeie redes. Indien dit vermoed word, raadpleeg 'n veearts en verwittig die registrasiehouer.

**Voorsorgmaatreëls**

Gebruik die totale inhoud nadat eers oopgemaak is.

Steriele spuite en naalde moet gebruik word om die entstof mee toe te dien.

**Dosis en Gebruiksaanwysings**

Gebruik slegs soos aangedui.

**Algemene aanbevelings:** Skud goed en dien asepties 2 ml binnespiers of onderhuids aan dragtige jong en ouer sôe toe.

**Primêre inenting:** Gee 2 inentings 2 weke uitmekaar. Die tweede moet toegedien word binne 2 weke van jong af.

**Herineninting:** 'n Enkele dosis behoort toegedien te word 2 weke voor daaropvolgende jongings.

**Identifikasie**

**LitterGuard LT-C** is 'n vloeibare, bakterien-toksoïed verpak in 'n 100 ml (50 dosis) dowwe wit plastiek- of glasbottel.

**Aanbieding**

100 ml bottel bevattend 50 x 2 ml dosisse verpak in 'n verskepingshouer met 'n voubiljet ingesluit.

**Registrasiehouer**

Pfizer Laboratories (Pty) Ltd

(Reg Nr. 1954/000781/07)

Bute Laan 85, Sandton, 2196

Posbus 783720, Sandton, 2146

Suid Afrika

Vir meer inligting skakel: 011 320 6000